

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 49: Ki Tetze – Wanneer jy uitgaan.

Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee en jy hulle as gevangenes wegvoer..... Deut. 21:10 – PWL¹

Torah: Deut. 21:10 tot 25:19

Haftorah: Jes. 54:1 tot 10

Nuwe verbond: Matt. 5:31-32; Matt. 19:3-12; Matt. 22:23-32; Matt. 7:1-5; Mark. 4:24; Mark. 10:2-12; Luk 10:29-37; Gal. 6:2; 1Kor. 11:2-15.

Vorige notas vir Parashah 49 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Where there have been mighty deeds, there need be no multitude of words to tell of them. Many words are required only where the deeds have been too feeble to speak for themselves.
 – A.W. Tozer.

If a Christian is not having tribulation in the world, there's something wrong! – Leonard Ravenhill.

People who don't seek the truth, finds it easier to believe a lie! – Anonymous'

That which is hateful to you, do not do to your fellow. That is the whole Torah – Rabbi Hillel.

The more we give, the more we grow to love the recipient of our giving – Anonymous.

What does love look like? It has the hands to help others. It has the feet to hasten to the poor and needy. It has eyes to see misery and want. It has the ears to hear the sighs and sorrows of men. That is what love looks like – Augustine.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

You can give without loving, but you cannot love without giving – Amy Carmichael.

The desire of love is to give. The desire of lust is to take – Anonymous.

You will find as you look back upon your life that the moments when you have truly lived are the moments when you have done things in the spirit of love – Henry Drummond.

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahstudie was יהוה se regeringstruktuur, soos dit in die Torah van Moshe vervat is, bespreek. ‘n Regeringstruktuur vir ‘n ordelike en voorspoedige samelewing waar יהוה in hulle midde sou kon woon!

Dit was noodsaaklik dat יהוה ‘n regeringstruktuur in plek moes stel, want in Kanaän sou hulle as stamme elkeen op sy eie grondgebied gaan woon. Daar moes dus voorsiening gemaak word dat daar oor elke stam en oor elke individu afsonderlik volgens Torah-beginsels regverdig regeer kon word. Die tabernakel, en uiteindelik die tempel, sou steeds die middelpunt van Yisra’el se geloofslewe, sowel as hul gemeenskapslewe wees.

Maar יהוה se Malki-Tzedek regeringstruktuur van die nuwe verbond is gebaseer op die vyfvoud bediening onder Yeshua as Koning, Hoofpriester en Profeet. Die priesters van die orde van Malki-Tzedek word deur die gawes van die Afgesonderde Gees bemagtig vir hulle dienswerk.

In hierdie week se Torahstudie is die fokus op verhoudinge. Eerstens op die verhouding in die huwelik, die gesin en die familie en tweedens, verhoudinge met medemens.

Liefde is die Vervolmaking van die Geskrewe Wet.

Alle huwelike, gesinne en families, asook die samelewing se voorspoedige en veilige voortbestaan is afhanklik van wedersydse vertrouwe en respek. Dit het alles te doen met die opdrag dat jy jou naaste lief moet hê soos jouself (Deut. 19:18; Luk. 10:27). ‘n Samelewing waar almal die sekerheid kan hê dat elkeen sal omsien na die ander se belange is die vervolmaking (vervulling) van die wet van liefde vir jou naaste, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:10).

יהוה se Torah bevat al die instruksies en onderrig hoe om jou medemens lief te hê!

Liefde vir God en medemens is om in die Lig te wandel, naamlik dat Yeshua in jou deur jou woorde en daade bevestig sal word! Yoganan verduidelik dit soos volg (1Joh. 2:9-11)

⁹ Wie daarom ook al sê dat hy in die Lig is terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis.

¹⁰ Wie sy broer voortdurend lief het, bly in die Lig en daar is geen oortreding in hom nie,

¹¹ maar hy wat sy broer haat, is in die duisternis en leef in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie omdat die duisternis sy oë blind gemaak het.

‘n Samelewing van vrede, voorspoed, gesondheid, vreugde en vergenoegdheid is slegs moontlik deur ware liefde vir יהוה-God en vir medemens. Naasteliefde is die mees tasbare bewys dat jy erns het om יהוה se Torah te onderhou, en dit begin met die tien gebooië!!

Ons vergeet nie dat ons in ‘n verbondsverhouding met יהוה leef nie, maar ons vergeet maklik dat ons huwelik ‘n verbond is, asook dat ons in ‘n verbondsverhouding met medegelowiges staan. Onthou: In ‘n verbond word die belange van die een met wie jy ‘n verbond het bo jou eie belange gestel! Sal dit nie ‘hemel op aarde’ wees indien ons hierin sou slaag nie?

In hierdie week se Torahskriflesing is daar selfs ‘n riglyn van hoe ons verhouding met die diereryk moet wees:

⁶ As daar ‘n voël nes voor jou op die pad is in enige boom of op die grond, met voëltjies of eiers terwyl die moeder op die voëltjies of op die eiers sit, mag jy die moeder nie saam met die kleintjies wegvat nie.

⁷ Jy moet die moeder sekerlik laat wegvlieg dat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe, maar die kleintjies mag jy vir jou vat. Deut. 22:6-7.

Ja, selfs welwillendheid teenoor diere bevat die belofte *dat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe!!*

Dit herinner ons aan die vyfde gebod wat dieselfde belofte bevat:

Eer jou vader en jou moeder sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה, jou God, aan jou gee. Ex. 20:12.

Bepeins of Bespreek

1. Ons kan redeneer dat eerbetoon aan ouers sekerlik meer belangrik is as om ‘n voëlwylfie van haar nes te laat wegvlieg voor jy haar kleintjies of eiers neem! Maar tog volgens יהוה is dit skynbaar nie die geval nie?! Wil יהוה ons dalk hierdeur leer dat ons nie net ons medemens met eerbied moet behandel nie, maar ook daardie deel van Sy skepping waar die mens oor moet heers (Gen. 1: 26 en 28)? Onthou: *Kindness is a language the deaf can hear and the blind can see!*
2. In die verband skryf Mark Huey die volgende: *If you show disrespect to animals, then it should not be surprising why you might show disrespect to human beings. We need to be people who can treat all of God’s creatures with dignity and honour. Perhaps if we learn to extend loving kindness to the animal kingdom, then we will treat people properly. If we can exhibit love to all those we encounter, then we can truly live long and blessed lives.*

As Jy Na Die Oorlog Uittrek

Die openingsvers (Deut. 21:10) van hierdie Torahskriflesing bevat ‘n duidelike belofte, naamlik:

Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee....

יהוה-God het aan Yisra’el oorwinning oor hulle vynade belowe, maar die voorwaarde was dat hulle nougeset volgens Torah sou lewe!

יהוה belowe ook aan ons as gelowiges van die nuwe verbond oorwinning oor ons vyande, maar uiteraard is die voorwaarde dat ons as ‘n Torahgehoorsame koninklike priesterdom van Malki-Tzadek nougeset volgens die Torah soos dit in Yeshua tot volheid gebring is, sal lewe!

Ya’acov gee vir ons “die wenresep” vir oorwinning toe hy in sy brief geskryf het:

⁶ Ons Meester gee ons groter onverdiende guns, want Hy sê dít: “God verneder die trotses, maar aan die nederiges gee Hy onverdiende guns.”

⁷ Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug.

⁸ Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af!

⁹ Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydschap in droefheid.

¹⁰ Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplig. Jak. 4:7-10.

Die volgorde is baie belangrik!! Ons moet ons eers aan יהוה onderwerp en dan die vyand (Satan) weerstaan (Jak. 4:7). Sonder onderwerping, naamlik gehoorsaamheid aan God se onderrig en instruksies sal ons nie die vyand kan oorwin nie, want dan voer ons die stryd alleen. Wanneer ons egter in gehoorsaamheid aan Torah teen die vyand uittrek, dan ‘veg’ יהוה namens ons (Deut. 1:29; Deut. 7:18 en 21; Deut. 20:1; Jos. 1:5; Sag. 4:6).

Volgens die Hebreeus beteken die woord *gevangenes* (*shivyo*) meer as net die vyand, want dit verwys ook na dit wat die vyand van jou geneem het (*Living with Messiah; Ki Tetze – Immanuel Schochet*). Gehoorsaamheid aan Torah beteken ook dat ons dit kan terugneem wat Satan gesteel het.

Judaïsme verklaar hierdie teksvers ook as verwysend na Messias wat sal kom om alles terug te neem wat aan יהוה behoort en wat deur Yisra’el se vyande deur die eeue afgeneem en vernietig was. Hierby word die tempel ingesluit. Dit was nog altyd die vyand se doel om die tempel te vernietig, want dit was die simbool en hart van Yisra’el se vertroue in יהוה. Dit was die plek waar יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid was in tye wanneer Yisra’el Torahgehoorsaam gelewe het.

As gelowiges van die nuwe verbond is ons liggame egter die tempel van יהוה (1Kor. 3:16-17; 1Kor. 6:19) en het Satan ook ten doel om ons tempel te vernietig en dit te onheilig deur ons denke, woorde en dade. Daarom is elkeen self verantwoordelik om sy/haar ‘tempel’ instand te hou en in te rig volgens Vader se onderrig en instruksies. Daarom skryf Sha’ul in Rom. 12:1-2:

¹ My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

² en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Bepeins of Bespreek

1. In 2Kor. 10:3-6 beskryf Sha’ul dat ons wapens nie vleeslik is nie en wat van ons elkeen vereis word om die vyand te oorwin en ons liggaam as tempel rein te hou. Lees ook wat sê Ya’acov in dié verband (Jak. 1:14-16). Hoe beskerm en beveilig jy jou tempel?

Die Huwelik en Seksuele Immoraliteit

In hierdie week se Torahskriflesing word ons ook verder onderrig ten opsigte van die huwelik en seksuele verhoudinge. Die openingsgedeelte van ons Torahskriflesing is dan ook ten opsigte van die huwelik:

10 Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee en jy hulle as gevangenes wegvoer

11 en jy onder die gevangenes 'n vrou sien wat mooi is en jy haar begeer en haar as vrou vir jou wil vat,

12 dan moet jy haar in jou huis inbring en sy moet haar kop skeer en haar naels knip.

13 Sy moet die klere van haar gevangenskap uittrek, in jou huis bly en treur oor haar vader en haar moeder, vir 'n volle maand lank. Daarna kan jy by haar ingaan en haar man wees en sy sal jou vrou wees.

14 Dit sal wees dat as jy nie tevrede is met haar nie, moet jy haar vrylaat, net waar sy wil, maar jy mag haar sekerlik nie vir geld verkoop nie, jy mag haar nie sleg behandel nie omdat jy haar verneder het. Deut. 21:10-14.

Volgens hierdie Skrifgedeelte, asook ander, mag 'n man meer as een vrou hê. MAAR Torah beveel dit nêrens aan nie, veral nie as dit weens begeerte (wellus?) is nie! Indien hierdie saam met die onderrig en instruksies oor die skeibrief en hertrou (Deut. 24:1 tot 5) gelees word, moet ons die vraag vra of יהוה hierdie dinge van die begin af so bedoel het? Yeshua gee vir ons die antwoord!

3 Fariseërs het na Hom toe gekom om Hom te toets en vir Hom gesê: “Is dit volgens die wet vir 'n man om oor enige rede van sy vrou te skei?”

4 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Het julle nie gelees dat Hy wat hulle aanvanklik gemaak het, hulle man en vrou gemaak

5 en gesê het: ‘Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou vashou en hulle twee sal een vlees wees’

6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees, nie? Wat God dan een gemaak het, laat geen mens dit skei nie.”

7 Hulle sê vir Hom: “Waarom het Mosheh dan beveel om 'n skeibrief te gee en haar weg te stuur?”

8 Hy sê vir hulle: “Omdat Mosheh julle weens die ongevoeligheid van julle verstand, wil en emosie toegelaat het om van julle vroue te skei, maar aanvanklik was dit nie so nie.

9 Ek sê vir julle dat wie ook al van sy vrou skei, anders as oor seksuele immoraliteit en 'n ander een trou, egbreuk pleeg en wie ook al met die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk.” Matt. 19:3-9.

Van die begin af was dit nie יהוה se wil dat 'n man meer as een vrou moet hê nie en ook nie Sy wil dat 'n man van sy vrou moet skei nie. Maar weens die mens se hardheid van hart – *die ongevoeligheid van julle verstand, wil en emosie* – het יהוה dit toegelaat!

Ons moet ook onthou dat onder die nuwe verbond pleeg 'n man egbreuk deur net na 'n vrou te kyk en haar te begeer (Matt. 5:28)! Van die begin af het יהוה bepaal dat seksuele immoraliteit die enigste grondige rede vir egskeiding is. Seksuele immoraliteit – binne en buite die huwelik – is altyd 'n selfsugtige daad van die bevrediging van die vlees!

Hierdie Skrifgedeelte (Deut. 10:10-14) waarsku ook teen 'n oorhaastige huwelik en daarom die wagperiode van minstens een maand voor die huwelik voltrek word. Dit gee die vrou ook geleentheid om 'n tydperk van rou te ondergaan omrede sy weggeneem is van haar geliefdes en bekende omgewing. Die man ondergaan ook 'n 'afkoel periode' om tot sy sinne na die oorlog te kom. יהוה maak ook voorsiening dat die vrou beskerm word indien die man uiteindelik nie met haar wil trou nie soos vers 14 dit duidelik maak:

Dit sal wees dat as jy nie tevrede is met haar nie, moet jy haar vrylaat, net waar sy wil, maar jy mag haar sekerlik nie vir geld verkoop nie, jy mag haar nie sleg behandel nie omdat jy haar verneder het.

Dit bevestig dat in enige verhouding tussen 'n man en vrou is יהוה meer simpatiek teenoor die vrou.

Die rede is die volgende: Hoewel die vrou aan die man (haar eggenoot) onderdanig moet wees (Ef. 5:22-24), moet mans besef dat in 'n huwelik aanvaar hulle die verantwoordelikheid vir die versorging (emosioneel en fisies) van die vrou. In dié opsig sal die man aan יהוה verantwoording moet doen, want in 'n sekere sin het die man die verantwoordelikheid by יהוה, en die vrou se biologiese vader, oorgeneem! Dit is in die lig hiervan wat ons Sha'ul se woorde aan die gemeente in Efesos moet verstaan.

25 Mans julle moet julle eie vroue liefhê, net soos Die Gesalfde Een ook die gemeente liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee het,

26 om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water (Mikveh) en in die Woord
27 en Hy sal die gemeente vir Hom bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek of kreukel of enige iets soortgelyks is, maar dit moet afgesonderd en sonder fout wees.

28 Op dié manier moet mans hulle eie vroue liefhê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou lief het, het homself lief,

29 want niemand het ooit sy eie liggaam gehaat nie, maar hy voed en sorg vir sy eie, net soos die Meester vir die gemeente,

30 want ons is ledemate van Sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene. Efes. 5:25-30.

Die verre meerderheid getroude mans verstaan nie wat Sha'ul hier sê nie en is nie bereid om in hierdie opsig 'n navolger van Yeshua te wees nie!! Getroude mans is goed bekend met wat Sha'ul in vers 22 sê, naamlik: “Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam, net soos aan ons Meester”. Dit is veral die AOV van 1933 wat verkies word, en bykans soos 'n mantra herhaal word, want daar word gesê dat vrouens moet aan hulle mans onderdanig wees.

Egskeiding onder gelowiges sal egter drasties afneem, indien mans bereid is om te doen wat Sha'ul in Efes, 5:25-30 voorskryf. Die kern van wat hy sê, is dat elke man moet sy eie vrou liefhê op dieselfde wyse as wat Yeshua, dié Gesalfde Een die gemeente liefhet. יהוה vereis dat elke man sy eie vrou op 'n wyse moet liefhê wat 'n navolging in woord en daad is van die wyse wat Yeshua die gemeente, Sy bruid, liefhet. Dit behels die volgende:

- ❖ Elke man moet sy lewe vir sy eie vrou aflê (vers 25). Aflê beteken om jou eie belange prys te gee terwille van jou vrou se belange.
- ❖ Die doel van die man se liefde vir sy vrou is om haar aan יהוה te wy en haar met die Woord van God af te sonder (vers 26). Dit doen hy deur teenoor haar op te tree volgens die woord van יהוה, sy geestelike verantwoordelike as hoof van die huis te aanvaar en die voorbeeld te wees van gehoorsaamheid aan Torah en deur die woord van יהוה oor haar te spreek.
- ❖ Die uiteindelige doel is om sy vrou voor יהוה te kan stel sonder vlek of kreukel of iets soortgelyks, waarvoor hy aanspreeklik gehou kan word (vers 27)! Die man se optrede teenoor, en verhouding met, sy vrou moet derhalwe sodanig wees dat hy nie 'n struikelblok in haar geestelike welsyn as afgesonderd vir יהוה sal wees nie.
- ❖ Elke man moet sy vrou liefhê soos sy eie liggaam (vers 28). Maar elke man moet sy liggaam liefhê op 'n wyse dat sy liggaam 'n geskikte woonplek vir יהוה is (1Kor. 3:16;

1Kor. 6:19). Net so moet die man sy vrou liefhê op 'n wyse dat haar liggaam ook 'n geskikte woonplek vir die Gees van Afsondering kan wees.

- ❖ Die man moet sy vrou voed en koester net soos Yeshua die gemeente voed en koester (vers 29). Dit beteken die man moet in al die vrou se behoeftes voorsien en teenoor haar optree dat sy algehele sekuriteit (koestering) ervaar.

In 1Pet. 3:7 word mans aan die volgende herinner:

Julle, manne, moet op dié manier met hulle saamleef: met kennis en hulle as swakkeres met eer behandel omdat julle ook mede-erfgename van die geskenk van ewige lewe is sodat julle nie in julle gebede mag struikel nie.

Dit beteken ook dat die man se verhouding met sy vrou bepaal moet word deur die kennis van wat יהוה van die huwelik vereis, omdat man en vrou ook saam “mede-erfgename van die geskenk van ewige lewe is – sodat julle nie in julle gebede mag struikel nie”. Hierdie dui op 'n gemeenskaplike erfenis wat die een nie sonder die ander kan ontvang nie. Dit is 'n erfenis wat man en vrou ontvang wat die verbond met mekaar en met יהוה eerbiedig!!

'n Artikel wat ek ten sterkste aanbeveel, en wat alle mans behoort te lees, is die van Kevin Kleint, “How to End Divorce in the Church – From a Guy ... to the Guys”. Hierdie artikel is beskikbaar by: <https://www.honorofkings.org/end-divorce-church/>

Dan is daar 'n kursus, “Die Huweliksverbond” wat ook aan te beveel is waarin die doel en betekenis van die huweliksverbond uiteengesit word aangesien dit die grondslag lê vir 'n suksesvolle en gelukkige huwelik wat deur יהוה geseën sal word. Die rol van יהוה in hierdie verbondsverhouding, sowel as die rol van die man en vrou, word verduidelik. Hierdie kursus kan afgelaai word by: [KursusHuwelikHersien](#)

Volgens die Skrifte word seksuele omgang binne die huwelik as *beken* beskryf en seksuele omgang buite die huwelik as *gemeenskap* beskryf. Die volgende dien as verduideliking:

Eenwording Lei Tot Ken

Die resultaat van 'n verbondsverbintenis (huwelik) tussen man en vrou kan opgesom word as **om mekaar te ken**. Hierdie verbintenis lei daartoe dat man en vrou mekaar op 'n wyse ken wat andersins nie moontlik is nie.

In Gen. 4:1 volgens die 1933 vertaling lees ons dat Adam het Eva **beken**. Hierdie woord het 'n omvattende betekenis en beteken ondermeer:

- ❖ Seksuele eenwording.
- ❖ 'n Intieme verhouding (eenwording, gemeenskap) van gees, siel en liggaam. Dit is om mekaar te ontdek, te verstaan, kennis van mekaar op te doen, bewus te word van, erkenning te gee, begrip te hê en te respekteer.

Indien man en vrou volgens 'n verbondsverhouding seksuele omgang het, word die woord **beken** (“knew”)(Gen. 4:1; Matt. 1:25) gebruik. Dit is dan ook hoe dit in die PWL vertaling geskryf is: “Adam het 'n verbondsverhouding met sy vrou Havah gehad en sy het swanger geword....”

Waar seks buite die huwelik plaasvind (sonder 'n verbondsverbintenis; m.a.w. volgens יהוה 'n onwettige seksuele verhouding), beskryf die Skrif dit as dat die man en vrou *gemeenskap*

gehad het of as *bymekaar gelê het* (Gen. 19:33-35; Deut. 22:22-23). By implikasie beteken dit dat man en vrou mekaar slegs waarlik kan ken indien beide `n belofte van algehele toewyding teenoor mekaar maak deur `n verbondsverbintenis.

Die kern van `n suksesvolle huwelik is om mekaar ten volle te ken. Hierdie *om mekaar te ken* is op emosionele, intellektuele, geestelike en liggaamlike gebied. Dit is om mekaar in genoemde areas ten volle te verstaan en bedag te wees op elke behoefte in elke area en tydig daaraan aandag te gee. Hierdie kennis is veel meer as verstandelike kennis en is nie staties nie, maar bly ontwikkel sodat beide in kennis van mekaar toeneem. Dit is om jou totale persoonlikheid oop te stel en bloot te stel vir jou verbondsmaat.

Die wonder van die huwelik is die feit dat twee persoonlikhede mekaar in totaliteit kan ken, verstaan en in een geweef word dat dit feitlik onmoontlik word om te onderskei waar begin die een en waar hou die ander een op. Dit is `n eenwording van gees, siel en liggaam.

Wat is die kern verskil tussen “beken” en “seksuele gemeenskap” (egbreuk, hoerery)? Dit is geleë in `n verbond. Slegs `n verbondsverbintenis maak ware huweliksgeluk moontlik. Die doel van die huwelik volgens יהוה se plan is dat die man en die vrou mekaar so goed moet ken dat hulle waarlik een vlees word. Seks buite die huwelik maak “beken” onmoontlik. Die wat hoereer of egbreuk pleeg, word wel een, maar dit is `n eenwording in sonde (Deut. 22:22-23; 1Kor. 6:16) wat יהוה se straf verdien – volgens Torah die doodstraf deur gestenig te word (Deut. 22:22-27).

Die basis van seks buite die huwelik is dat beide man en vrou fisiese en emosionele bevrediging van mekaar vereis, sonder `n verbondsverbintenis. Die bevrediging wat so `n verhouding oplewer is gesteelde bevrediging, want die verbondsoffer is nog nie gebring nie. יהוה kan derhalwe nie so `n verhouding seën nie.

Seksuele omgang wat nie vooraf gegaan is deur `n verbondsverbintenis nie, word deur die Skrifte as hoerery en egbreuk beskryf en sal deur יהוה geoordeel word (Deut. 22:22-23; Heb. 13:4, 1Kor. 5:9). “Voor huwelikse seks” is die hedendaagse beskrywing vir wat die Skrifte as hoerery en egbreuk beskou.

Hoereerders is die wat in seksuele verhoudings betrokke is sonder `n verbondsverbintenis. Egbrekers is die wat `n verbondsverbintenis het en dit dan verbreek (nie eerbiedig nie).

Opsomming: Deur die huweliksverbond met mekaar leer beide mekaar ken op `n wyse wat jy niemand anders as net jou huweliksmaat mag leer ken nie. Hierdie kennis van mekaar is in יהוה se oë afgesonder en mag deur geen ander verhouding ontheilig word nie.

Die verhouding in die huwelik is `n verbondsverhouding.

יהוה is die “eggenoot” van sy volk. Hierdie gedagte kom duidelik uit die ou verbond na vore. Verwys Jes. 54:5; Jes. 62:5 en Jer. 31:31-32. In Jer. 31:32 verwys יהוה na “*my verbond wat julle verbreek het, alhoewel ek Meester oor hulle was*”. Die woord *meester* beteken *eggenoot* (Hebreeus (*ba'al*)). Met ander woorde toe יהוה Yisra'el uit Egipte gelei het en met hulle `n verbond gesluit het, het hy in `n verhouding met hulle getree soortgelyk as die rol van `n eggenoot. Daarom is Torah die huweliksvertrag!

In ooreenstemming met die patroon wat in die ou verbond reeds gevestig is, tree gelowiges onder die nuwe verbond deur wedergeboorte dus ook in `n verhouding met יהוה wat met `n huwelik vergelyk kan word. Dit is hierdie patroon wat ook geld ten opsigte van die huwelik tussen man en vrou. Beide man en vrou staan in `n verbondsverhouding met mekaar en as een

vlees in 'n verbondsverhouding met יהוה. Daarom wat יהוה saamgevoeg het, mag geen mens skei nie en derhalwe die belofte dat niks ons kan skei van die liefde van יהוה nie (Rom. 8:35).

Bepeins of Bespreek

1. Uit bogenoemde bespreking kan ons dus die vraag vra: Wanneer word 'n huwelik in die oë van יהוה voltrek ('wettig' en bindend verklaar)? In Deut. 10:10-14, asook ander Skrifgedeeltes soos Gen. 24:67, lees ons nie van enige huwelikseremonie of wetlike dokumente wat onderteken word nie. Het die woorde van die predikant, pastoor of landros volgens יהוה se standaard (vereiste) enige betekenis wanneer gesê word: *En nou verklaar ek julle man (eggenoot) en vrou (eggenote)*? Wanneer spreek יהוה hierdie woorde? Onthou: Deur seksuele intimiteit word 'n man en vrou een vlees (Gen. 2:24; Matt. 19:5-6). En tog volgens tradisie word 'n huwelik net as "wettig" deur God beskou wanneer 'n dominee of pastoor die paartjie in die huwelik bevestig het!
2. Dikwels gebeur dit dat 'n paartjie vir jare gelukkig saam bly en dan deur iemand oortuig word dat hulle in sonde leef omdat hulle nie in die huwelik bevestig was nie! Is dit waar indien beide bewustelik of onbewustelik die voorwaardes van 'n verbond nagekom het? Onthou: Ons moet onderskeid maak tussen die landswet en God se wet ten opsigte van wat as 'n huwelik beskou word.
3. Is die sonde van saambly nie juis dat die man en vrou nie 'n doelbewuste verbond met mekaar gesluit het nie? En is die probleem nie juis dat die "kerk" nie voldoende lering gee van die doel en betekenis van die huwelik as 'n verbond nie?

-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.